**Vrydag 29 Desember**
**Skrifgedeelte: Genesis 11:1-7; Lukas 24:36-53**
**Fokusgedeelte: Genesis 11:4; Lukas 24:51**
**’n Lewe onder die seënende hande van Christus**

In albei ons fokusverse is daar sprake van die hemel. Maar daar hou die ooreenkoms op. Die mense van Babel wou ’n stad bou en ’n toring waarvan die spits tot aan die hemel reik. Die mens van Babel wil homself in ’n valse eenheid handhaaf, sy eie koninkryk bou vanuit die aarde. Dit gaan om die glorie van die mondige, ongelowige mens, wat God uitgeskakel het, sy eie god geword het.

Dwarsdeur die Bybel is Babel die beeld van die goddelose, opstandige mens. Ons ken die woorde van die goddelose Nebukadnesar (Dan. 4:30): “Is dit nie die Babel wat ek opgerig het nie.” Maar soos die Babel van Genesis 11 en die Babel van Nebukadnesar, sal ook die laaste Babel vernietig word (vgl. Op. 18:2). Babel bring nie die hemel op aarde nie.

Die hemel is alleen oop vir hulle wat in Jesus Christus glo. Teenoor die hemelbestorming van Babel staan die seënende hemelvaart van Christus. Hy het van God uit die hemel neergedaal. Hier het Hy Satan, die dood en die sonde oorwin. En dan vaar Hy as mens op na die hemel terwyl Hy sy dissipels seën. Dit was sy heerlike triomftog nadat Hy sy verlossingswerk hier op aarde voltooi het.

Die seën wat ons vandag nog in elke erediens ontvang( o.a. Num. 6:24-26) beteken dat God se Naam op sy volk gelê word. Totius sê: “Die rykdom van die Hemelvaartgedagte is dat Christus na die hemel gaan om daar ’n groot werk te doen, maar ook dat Hy op aarde by sy dissipels bly met sy seën, sodat alle werk wat hier in sy Naam gedoen word, ook gekroon sal wees met sy guns.”

En hoe hoër Hy opgevaar het, hoe wyer het sy seënende hande uitgekring. Dit omvat die ganse skepping waarvan Hy die Herskeppingsmiddelaar is. Dit is die heerlike verkondiging van sy seënende hemelvaart. So kan ons oor die drumpel van die nuwe jaar stap en ons roeping vervul met blydskap en daadkrag. Want Christus het sy seën nog nooit teruggeneem nie. Elke dag nog drup dit van sy hoëpriesterlike hande af op sy gemeente (Totius).

*Sing: Psalm 2:1, 2, 6*

*Prof. CFC Coetzee (Callie) (emeritus)*